

Huwelike in ons familie.

Efesiërs 5:21-33 & 1 Joh 4:9.10

Inleiding

- Trinitas is 'n verlose familie diensknegte wat gestuur is.
- Hierdie kwartaal het ons gefokus op die *familie* in daardie sin.
 - Dat ons 'n groter familie van kleiner families is
 - en wat dit beteken om as groter groep
 - familie-agtige bande met God en mekaar te hê
 - deur Jesus Christus.
- Vir die res van die kwartaal
 - gaan ons hierdie groter familie-gesprek
 - bietjie kleiner trek om te praat oor
 - die families waaruit die groter familie bestaan.
 - Die kleiner boublokke.
 - Die huwelike,
 - enkellopendes,
 - weduwees
 - geskeides
 - en verloofdes.
- Dit help nie ons praat oor
 - die gesondwees en missie van die groter familie in Jesus,
 - as die boublokke waaruit ons bestaan,

- nie ons gesondwees en missie in Jesus Christus verstaan en vind nie.
- Vandag gaan ons fokus op
 - die dieper doel en werk van 'n huwelik
 - – om dit te verstaan in die lig van Jesus en die goeie nuus oor Hom,
 - en getroudes se roeping in die groter Trinitas familie en in Vanderbijlpark.
- By 'n volgende geleentheid gaan ons praat oor
 - hoe dissipels van Jesus dink oor
 - enkelopend-wees as
 - ongetroude,
 - geskeide,
 - weduwee
 - of wewenaar.

[Lees Ef 5:31-33]

- Nou, As mens bietjie oplet is dit maklik om raak te sien
 - dat liefde tussen 'n man en vrou die hooftema is in by verre die meeste liedjies, boeke en fliëks.
 - Dit gaan of oor mense wat
 - hoop vir liefde,
 - bly is oor liefde,
 - hartseer is oor liefde
 - of spyt is oor liefde.
 - Liefde is 'n kragtige dinamiese tema
 - wat inspireer en hoop gee
 - maar ook hartseer maak en breek as jy dit verloor.

- Maar, hoekom gryp liefdesverhale ons so aan?
- En.... het dit iets met Jesus uit te waai?

Genesis 1

- Die diepste wat ons ver terug kan gaan vir ons antwoord is Genesis 1.
- Daar het God gekies om
 - die goeie nuus oor wie Hy is aan die wêreld bekend te stel deur
 - sy verhouding met die natuur
 - en die mense wat Hy gemaak
 - Vir die mens se rol het God twee bestanddele gebruik:
 - die heel eerste man
 - en die eerste vrou.

²⁷God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

- God wil mans gebruik om Homself bekend te stel
 - Op hulle eie in hulle manwees
- God wil vrouens gebruik om Homself bekend te stel
 - Op hulle eie in hulle vrouwees
- Maar dan is daar 'n plek waar Hy al twee saam wil gebruik as bestanddele...
 - Om Homself vir die wêreld te verduidelik.

- Hierdie twee bestanddele...
 - en hoe hulle saam in die wêreld is
 - en wat tussen hulle aangaan...
- is ook bedoel om vir die wêreld God se hart te wys.

- So... 'n belangrike ding om raak te sien is
 - dat die eeue ou storie van man en vrou...
 - nie gaan oor man en vrou nie.

- Hoe dit ook al aan ons hartsnare trek as ons 'n traan pik in
 - Romeo en Juliet, The Notebook, PS I Love you, Braveheart of Troy.
 - Of hoeveel keer jy luister na die ballades van Cliff Richard, Bon Jovi, Celine Dion of Dewald Wasserval.

- ...die wortel van hoekom dit mens so geheimsinnig diep raak
 - lê in ons eie harte wat deur God gebou is
 - om lief te hê,
 - en om liefgehê te word.

 - Want dit is in daardie liefhê en liefgehê word
 - tussen 'n man en vrou
 - dat God gekies het om Homself te
 - verteenwoordig,
 - te verbeeld,
 - te verduidelik.

- Hier is hoe dit werk:

- 'n Man en vrou saam is bedoel om vir die wêreld te wys hoe God saam met sy mense wil lewe.
 - Die bruid en sy bruidegom
- Die huwelik is eintlik 'n metafoor van hierdie evangelie-nuus.
- Ek weet... mens loop nie in Vaal Mall, sien 'n paartjie wat hand vashou en dink:
 - Wow... ek sien hoe God in liefde in 'n verhouding met mense wil lewe nie
 - – maar dis waarvoor dit ontwerp was...
 - as 'n tipe lewende metafoor van God se lewende verhouding met mense.
- Dis hoekom dit ons op so 'n misterieus diep plek raak

Genesis 3

- Maar.... dit het gebreek
 - Ons dink nie meer so daaroor nie
 - Ons kan net vaagweg aanvoel dis iets besonders...
 - en baie seer en clueless daarin rondploeter,
- Genesis 3 verduidelik hoe Adam en Eva hulle verhouding met God gebreek het.
 - Toe hulle hulleself as hulle eie doel gekies het.
 - En van die vrug geëet het.
 - En toe dinge tussen hulle en God breek,
 - breek hulle verhouding met mekaar ook...

- want dis mos ontwerp om eintlik vas aan mekaar te wees.
 - Hoe dit in die een gaan word duidelik in hoe dit in die ander gaan.
- En dis op hierdie plek waar mense vandag nog die grootse seer in hulle dra.
 - Dink oor jou eie lewe.
 - Waar is jou lewe baie seergemaak deur ouers wat geskei het...
 - of nooit eers getroud was nie.
 - 'n Pa of Ma wat jy nie eers geken het nie.
 - Waar was iemand ontrou aan jou,
 - of is jy verwerp in 'n verhouding en jy huiwer selfs nou nog om terug te dink aan daardie situasie vanweë die pyn wat net daar vir jou lê en wag om jou weer te byt.
- Wat tussen God en mense skeefgeloop het,
 - veroorsaak baie pyn en verwardheid in ons as mense
- Dis 'n baie “diep geheimenis” in ons as mense... en dis baie seer.
 - Omdat ons band met God stukkend is
 - weet ons nie meer vanself hoe
 - om te navigeer in ons verhoudinge met die ander geslag nie
 - en ook nie ons seksualiteit wat daarvan deel is nie.

- Ons is selfs by die punt vandag waar huwelike en troues meer gaan
 - oor die venue, gastelys, rok en ringe
 - en die duifies wat wil huis opsit
 - en amper niemand meer dink oor die evangelie-metafoor nie.
 - Uit die 76 mense wat ek al getrou het, het nog net 2 vanself so daaroor gedink.
 - Dis 2.6%
 - Die ander 97,4% moes ek probeer help om so daaroor te dink.

- En as die honeymoon verby is en die kinders en die skuld en die rekeninge kom
 - Verstaan ons nie meer waarheen om te werk in ons band met mekaar nie.

1 Johannes 4

- Maar gelukkig vertel Genesis 1 al dat God gekies het om in 'n 'huwelik' met mense te tree.
 - En dat Hy God is... nie 'n mens nie...
 - en die res van die geskiedenis in die Bybel wys vir ons
 - hoe hierdie Held nie sy ontroue bruid so maklik afstaan en laat steel nie.

- Die Bybel is in hierdie sin
 - die grootste en beste liefdesverhaal ooit wat enige fliëk of boek of liedjie wat nog kan kom by verre top.

- Want dit vertel van 'n Man wat deur die loop van duisende jare
 - agter sy vrou aan bly gaan en,
 - al maak sy Hom oor en oor seer vanweë haar eie seer,
 - bly Hy haar oor en oor kies en soek en liefhê en beskerm
- Ons het vanoggend in nagmaal
 - hierdie Man se bloed wat vir ons ontrouheid geloop het herdenk.
- Dit is die grootste magtigste krag in die heelal...
 - die goeie nuus dat God se eindelose goedheid
 - maak dat Hy soos die held in enige verhaal
 - met al sy krag homself broos maak om sonder wapens selfs deur die dood te kruip
 - as dit is wat dit vat om jou, sy bruid terug te wen.
- En dis wat Jesus doen aan die kruis.
 - Die Held wat sy lewe gee om sy verdwaalde bruid terug te wen.
 - Dít is die diepste punt van liefde en die patroon vir huwelike

1 Johannes 4 vat dit mooi saam:

⁹Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. ¹⁰Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

- Werklike liefde is nie wat ons sien in die fliëks of op rekenaars skerms nie
 - Dis God wat homself vir mense gegee het...
 - ten spyte van hulleself.
- En hierdie offer-liefde
 - is bedoel om ook te skitter in Christene se huwelike
- Die harde pad waarin 'n man en vrou mekaar teleurstel...
 - maar nog steeds rigting kan hou om God daarin te verteenwoordig
 - soos wat hulle met genade hulleself liefdevol opoffer om
 - mekaar te vergewe,
 - te dra
 - en te bemoedig.
 - Selfs in ons stukkend, is God nog steeds sienbaar.
- Daarom is dit ook die patroon vir 'n huwelik as Efesiërs 5 met Christen mans en vroue praat:

"³¹Daar staan in die Skrif: "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees." ³²Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk. ³³Maar dit is ook op julle van toepassing."
- 'n Christen man en Vrou werk aan hulle verhouding
 - Nie ter wille van die kinders nie
 - Nie om gelukkig te wees nie
 - Nie omdat egskeiding te duur is nie

- Maar omdat hulle as stukkende mense vrede in Jesus gekry het
 - En weet hulle huwelik kan 'n megafoon vir die wêreld wees van God se genade!
- As jy nie 'n Christen is nie,
 - hoop ek dat jy die eggo kan hoor van die evangelie van Jesus
 - soos wat mense daarna verlang in al die fliëks en boeke en liedjies.
 - Ons weet dit nie eers nie maar ons verlang eintlik na Jesus!
 - En mag jy hoor dat Jesus nie 'n fiksie held is om net na te verlang nie...
 - maar dat die beste liefdesverhaal ooit...
 - werklik is vir enige mens om sy diepste behoefte om liefgehê te word in te gaan kry.. die stukkende jy.
- As jy 'n Christen is...
 - waak oor jou verhoudings.
 - Die wat jy het...
 - die wat jy nog hoop om te hê...
 - Die van ander mense
 - En as jy al klaar êrens 'n huwelik seergemaak het
 - Sien die boodskap raak waarvan 'n huwelik self vertel
 - Sien God en sy genade raak, en waardeer en eer Hom.

Slot

- Mag die huwelike in Trinitas,

- die boublokke van ons groter familie,
 - hulle ware doel so verstaan
 - en so uitleef.
 - As deel van die beste liefdesverhaal ooit: Jesus s'n.
- Oor 3 weke op 21 Junie gaan ons 'n nog groter perspektief kry op huwelike, en dan ook kyk na enkelopend-wees as ongetroude, geskeide, weduwee of wewenaar in God se familie.
 - Mag God deur sy Woord en Gees elkeen van hierdie boublokke waaruit ons bestaan opbou
 - Sodat ons die familie kan wees waarvoor Hy ons geroep het.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
31 Mei 2015
Nagmaal